SPORT

BOOGSKIET

Boogskiet word vir die eerste keer as sportsoort vanaf 2021 by ons skool aangebied. Afrigting vind per groep, een keer ‘n week plaas, leerders kan van twee tyd gleuwe kies op Dinsdae van 16:30 - 17:30 of Donderdae 15:30 - 16:30, in samewerking met Archer’s Edge Boogskietklub.

Lardies het ook dan die geleentheid om meer as net die skool se oefentye by te woon en mag deur die loop van die week ook ekstra tyd insit op die baan. Elke oefensessie het kostes aan verbonde, wat ons so laag as moontlik probeer hou. Elke Lardie-boogskut moet self ‘n boog bekom of reël om een weekliks te huur. Ons Lardies verteenwoordig die skool by SANFIAA (South African National Indoor and Field Archery Association) kompetisies. Deelname vind op verskeie vlakke plaas, met Lardies wat poog om onder die Lardie vaandel die jaar groot hoogtes te bereik. Boogskiet vind deur die jaar plaas. Ons het Lardies van Gr R tot Gr 7 wat deelneem. Lardies kan kwalifiseer vir toekennings soos Lardie erekleure en boogskut van die jaar.

DOEL VAN BOOGSKIET

Leerders verbeter hul fisiese ontwikkeling van spiere sowel as balans en hand-oog koördinasie om maar net ‘n paar te noem. Dit help ook met kognitiewe vaardighede ontwikkel soos koördinasie, geheue en konsentrasie.

HOEKOM AAN BOOGSKIET DEELNEEM?

Boogskiet kan deur die hele familie as ‘n sport saam beoefen word. Leerders leer om hulself te motiveer, selfvertroue te hê en verantwoordelikheid te aanvaar. Hulle kan selfs as volwassene steeds die sport beoefen, dus baie jare se pret. Prestasies kan op nasionale vlak sowel as internasionale vlak behaal word.

TOOT
TOOT!!